Vier Evangelies

Daar is groot ooreenkomste tussen die verhale en verkondiging van Matteus, Markus en Lukas. Hierdie drie evangelies word daarom die Sinoptiese Evangelies genoem. Sinopties beteken “oorsigtelike, samevattende hantering”. Dit kom van die Griekse woord wat “saam-kyk” beteken.

Dit is verder duidelik dat Matteus en Lukas groot dele van Markus in hulle evangelies gebruik, hoewel elkeen volgens sy eie indeling. Matteus wissel die verhale uit Markus met vyf uitgebreide leringe van Jesus af. Lukas volg min of meer die raamwerk van Markus, en brei dit uit met sy eie materiaal.

Slegs drie gedeeltes in Markus kom net in sy evangelie voor: die inleiding tot sy evangelie (Mark 1:1); die gelykenis van die saad wat vanself groei (Mark 4:26-29); Jesus wat ’n blinde man in Betsaida genees (Mark 8:22-26). Die res is alles ingesluit in Lukas en Matteus.

Dit laat ons vermoed dat Markus se evangelie eerste geskryf is. Matteus en Lukas kon dit dus gebruik in die evangelies wat hulle geskryf het. Dit is egter ook duidelik dat hulle nog ‘n ander, maar onbekende, bron se materiaal gebruik. Moontlik selfs ‘n geskrewe bron wat gewoonlik Q genoem word, afgelei van die Duitse woord *Quelle* wat bron beteken. Hierdie ooreenkomste tussen die twee evangelies, Matteus en Lukas, beslaan 62 perikope in hulle skryfwerk.

Hierdie twee evangelies het daarbenewens ook materiaal wat uniek is aan hulle en nie ook in die ander evangelies voorkom nie. Matteus het 29 sulke eie unieke perikope materiaal. Lukas het 37 eie unieke perikope materiaal.

Die evangelie van Johannes het hierteenoor ‘n heeltemal unieke aanpak deurdat hy baie meer teologies te werk gaan in sy weergawe van Jesus se wonders, woorde en werke.

Waar die ander drie evangelies die gebeure rondom Jesus in die geskiedenis vasanker met historiese en OT verwysings, vertel Johannes eerder die betekenis van Jesus se wonders, woorde en werke. Trouens, hy noem die wonders wonder*tekens* om die teologiese funksie daarvan te beklemtoon. Die wonders van Jesus word daardeur woorde wat sy betekenis onderstreep.

Johannes se evangelie komplementeer daarom die verhale van die ander evangelies met diep teologiese inhoud. Daarom kies Johannes verhale van Jesus wat nie net die storielyn beklemtoon nie, maar veral die boodskap van Jesus vir sy lesers oopmaak.

Dink aan Jesus se gesprek met Nikodemus wat die wonder van God se liefde uitspel en die Gees se werk om gelowiges “van bo” te verander beklemtoon (Joh 3). Dink aan Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put en die wyse waarop gewone water ‘n simbool word van die lewende water wat Jesus gee (Joh 4).

Dink aan Jesus se “Ek is”-uitsprake verspreid deur sy evangelie wat Jesus nie net verbind aan Jahwe in die OT nie (Eks 3:14), maar sewe verdere kante van sy betekenis vir ons in konkrete beelde uitlig: Ek is die brood van die lewe; Ek is die lig vir die wêreld; Ek is die hek van die skape; Ek is die Goeie Herder; Ek is die opstanding en die lewe; Ek is die weg en die waarheid en die lewe; Ek is die ware wingerdstok.

Dink aan die diep teologiese inhoud van sy lering aan die dissipels op pad na Getsemane wat hulle paraat maak vir die stryd in die wêreld wat vir hulle wag, deur nie net klem te lê op die werk van die Gees nie, maar direk en persoonlik vir hulle in gebed in te tree (Joh 14-17).

Nie dat Johannes heeltemal onafhanklik van die ander evangelies geskryf is nie. ‘n Sterk saak kan uitgemaak word dat Johannes die evangelie van Markus geken het en trouens kommentaar gelewer het op van die dele in sy evangelie wat vir misverstand vatbaar was.

Daar is ‘n paar opmerkings in Johannes wat lyk asof dit bedoel is om verduidelikings te gee vir lesers wat bekend was met Markus se evangelie (Richard Bauckham, John for Readers of Mark).

Johannes se verduideliking in Johannes 3:24 lui bv as volg: “Op daardie tydstip was Johannes nog nie in die tronk gegooi nie.” Dit is nadat hy vertel het dat Jesus en sy dissipels na die Judea-gebied vertrek het. Hulle het daar oorgebly en mense gedoop, terwyl Johannes verder na die noorde ook besig was om te doop by Enon, in die omgewing van Salim. Daar was meer water en die mense het daarheen gestroom om gedoop te word.

Dit kan verbind word met Markus se kronologie in Markus 1:14 waar hy skryf: “Later, nadat Johannes gearresteer is, het Jesus na Galilea toe gegaan om God se Goeie Nuus aan te kondig.” Johannes maak meer sin as ’n mens aanvaar dat mense geweet het van Markus se weergawe en dat Johannes seker wou maak dat hulle verstaan dat hierdie deel van Jesus se bediening vóór Markus se weergawe van die begin van Jesus se bediening gebeur het. Dit beteken ook dat lesers gemaklik Johannes se evangelie se gedeelte in hoofstuk 1:19-4:43 kon inpas tussen Markus 1:13 en 14.

Hoe dit ook al sy, en dit is die wonder hiervan, dit is in die saamlees van al die verskillende perspektiewe en nuanses dat ’n veelkleurige prentjie vorm aanneem, ’n beeld van Jesus waarmee ons in gesprek kan tree, en met Wie ons op reis kan gaan.

Die vier evangelies gee dus vir ons ‘n dinamiese beeld van die verhaal en verkondiging van Jesus. Hulle verweef elkeen op sy eie unieke manier die storielyn en die boodskap van Jesus. Daarmee vertel hulle ons prontuit die waarheid oor die Here Jesus Christus.

Die evangelie van Lukas

Lukas plaas die verhaal van Jesus in die konteks van die wêreldgeskiedenis en brei uit oor die impak wat Jesus se geboorte en dié van sy (agter)kleinneef Johannes die Doper op

hemel en aarde gehad het (hfst 1-3). Die res van die evangelie van Lukas se verhaal ontplooi geografies, soos Markus s'n.

- Hoofstuk 4:14-9:50 speel grotendeels af in **Galilea,** meesal in die platteland, met die klem op die impak van Jesus se woorde en wonderwerke. Sy bediening is goeie nuus vir die armes. Die heidene word selfs ingesluit in sy bediening. Sy verwerping deur veral die Joodse leiers is egter ook 'n groeiende werklikheid.
- Hoofstuk 9:51-19:44 speel af "**op pad na Jerusalem**". Jesus begin die reis "vasbeslote" (Luk 9:51). Hy versamel steeds dissipels om Hom, en daag almal uit met sy onderrig.
- Hoofstuk 19:45-24:53 speel in die stad **Jerusalem** af waar Jesus uiteindelik verwerp en gekruisig word deur die Joodse leiers. Die wrede boodskap van die kruis word deur die opstanding uit die dood egter die reddende boodskap vir hierdie wêreld. Daarom eindig die evangelie met Jesus se hemelvaart en die dissipels se vreugde.

Die boek Handelinge sit die verhaal van die redding wat Jesus bring, voort en fokus op die uitstorting van die Heilige Gees en die verkondiging van die evangelie aan al die nasies regdeur die bekende wêreld van sy tyd.

Die evangelie van Markus

Markus vertel die verhaal van Jesus van sy doop tot sy dood met 'n kort *proloog* oor Johannes die Doper (hfst 1:1-8) en 'n kort *epiloog* oor Jesus se opstanding, verskynings en hemelvaart (hfst 16):

- Jesus se bediening in **Galilea** – hfst 1:9-8:26;
- Jesus se **reis na Jerusalem** – hfst 8:27-10:52;
- Jesus se finale week in **Jerusalem** – hfst 11:1-15:47

Markus se boek is amper volledig gebruik as bron deur Lukas en Matteus.

Die dissipels vervul 'n baie belangrike rol in Markus se vertelling van die evangelie. Dit is belangrik vir Markus om aan te toon dat hulle van die begin af saam met Jesus is. Daarmee beklemtoon hy die noodsaak van dissipelskap vir alle volgelinge van Jesus. Daarmee kan ons, die lesers, identifiseer. Die verhaal betrek alle lesers as dissipels.

Die evangelie van Matteus

Matteus verweef op 'n baie integrale manier die oorgelewerde *verhale* oor Jesus met sy *verkondiging*:

- **Verhale**: *Geboorte* – hfst 1-2; *Voorbereiding* (doop en versoeking) – hfst 3-4; *Wonders* – hfst 8-9; *Gesprekke met teenstanders* – hfst 11-12; *Wonders en strydgesprekke met Fariseërs* – hfst 14-17; *Bediening in Galilea* – hfst 19-20; *Bediening in Jerusalem*: gelykenisse en gesprekke – hfst 21-22; *Lyding*: nagmaal, verhoor en kruisiging – hfst 26-27; *Opstanding*: verskynings en uitsending – hfst 28.

- **Verkondiging**: *Bergrede* – hfst 5-7; *Onderrig aan dissipels* – hfst 10; *Gelykenisse van die koninkryk* – hfst 13; *Verhoudinge in die kerk* – hfst 18; *Koms van die koninkryk* – hfst 23-25.

Dit gee aan die historiese gegewens van Jesus se lewe, bediening, kruisdood en opstanding ’n sterk verkondigingskarakter.

Met die verhale oor Jesus gekoppel aan sy verkondiging wil Matteus dus sy lesers beweeg om nie net te glo in Jesus op grond van sy woorde nie, maar Hom na te volg in alles wat Hy gedoen het, soos Matteus dit inderdaad self gedoen het.

Die evangelie van Johannes

Johannes vertel die verhaal van Jesus, die mens-geworde God, met die oog daarop om die *waarheid* daarvan te bevestig, dit teologies te interpreteer, en lesers wat ná die opstanding van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees lewe, tot geloof te beweeg. Jesus is immers die Waarheid!

Johannes draai nie doekies om nie, maak sy punt helder en duidelik. Elkeen wat hierdie boodskap hoor, word tot geloof opgeroep, soos die verhaal van Nikodemus illustreer (Joh 3). En tog verkondig Johannes hierdie waarheid sonder om jou te vervreem. Want, soos Jesus, begrond hy sy appèl in die liefde en deernis van God.

Die evangelie het ’n *proloog* wat op Jesus as die gestuurde Woord van God fokus (1:1-18) en ‘n *epiloog* wat op die dissipels se uitsending fokus (21:1-25) met die verhaal van Jesus wat in twee dele vertel word:

- Die **publieke Joodse bediening** van Jesus met ’n fokus op wondertekens wat sy ware identiteit as die Seun van God openbaar binne die konteks van die Joodse feeste – hfst 1:19-12:50.
- Die **persoonlike bediening** van Jesus aan sy dissipels wat uitmond in sy verheerliking deur sy lyding, kruisdood en opstanding as publieke getuienis aan die wêreld binne die konteks van Jesus se viering van sy laaste Paasfees op aarde – hfst 13:1-20:31.

Mattues	**Markus**	**Lukas**	**Johannes**
Na 70 nC	**55-65 nC**	**70 nC**	**90 nC**
(Levi) Tollenaar	**Noue kontak met dissipels, was saam Paulus op sy eerste sendingreis**	**Mediese dokter. Christen uit die heidendom. Ook saam Paulus**	**Die Lieflingdissipel, seun van Sebedeus.**
Matteus het aan ‘n **Hebreeuse gehoor** geskryf en een van sy doelwitte was om deur *Jesus se*	Markus, ‘n neef van Barnabas (Kol 4:10) was ‘n ooggetuie tydens die gebeure in Christus se lewe, sowel	Lukas die geliefde dokter (Kol 4:14), evangelis en metgesel van die apostel Paulus, het beide die Evangelie	Die Evangelie van Johannes is deur die apostel Johannes geskryf en is verskillend van die

geslagsregister en die vervulling van die Ou Testamentiese profesieë te bewys, dat Hy die langverwagte Messias was en hulle dus in Hom behoort te glo. Matteus het die klem op Jesus, die beloofde Koning, die "Seun van Dawid" wat vir ewig op die troon van Israel sou sit, geplaas (Matt 9:27, 21:9).	as 'n vriend van die dissipel, Petrus. Markus het vir 'n **heidense gehoor** geskryf, want hy het belangrike dinge vir Joodse lesers uitgelaat (geslagsregisters, Christus se geskille met Joodse leiers tydens Sy tyd op aarde, herhaaldelike verwysings na die Ou Testament, ens). Markus het Christus beklemtoon as die *lydende Dienskneg, die Een wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe as losprys vir baie te gee* (Markus 10:45).	van Lukas en die Handelinge van die apostels geskryf. Lukas is die enigste outeur wat aan die **heidene in die Nuwe Testament geskryf het.** Hy was lank bekend as 'n ywerige bobaas-historikus as gevolg van hulle wat van sy geskrewe werke in genealogie en geskiedkundige studies gebruik het. As historikus het hy gemeld dat dit sy doelwit was om 'n *ordelike verslag oor Christus se lewe te skryf, gebaseer op die verslae van ooggetuies* (Luk 1:1-4). Aangesien hy spesifiek tot voordeel van Teofilus, waarskynlik 'n heiden van een of ander formaat, geskryf het, was sy Evangelie gerig op die heidense gehoor. *Sy bedoeling is om te wys dat die Christelike geloof op historiese en bewese gebeure gegrond is. Lukas verwys dikwels na Christus as die "Seun van die Mens", hy beklemtoon Sy mensheid* en deel baie inligting wat nie in die ander Evangelies gevind word nie.	ander drie Evangelies en bevat baie **teologiese inhoud, betreffende die persoon van Christus en die betekenis van geloof.** Die Evangelie van Johannes begin nie met Jesus se geboorte of Sy vroeëre aardse bediening nie, maar met die aktiwiteit en eienskappe van die Seun van God, voordat Hy mens geword het (Joh 1:14). *Die Evangelie beklemtoon die goddelikheid van Christus*, soos gesien word in aanhalings soos "die Woord was self God" (Joh 1:1), "die Verlosser van die wêreld" (Joh 4:42), die "Seun van God" (herhaaldelik gebruik) en "Here en….God" (Joh 20:28). In Johannes se Evangelie bevestig Jesus Sy goddelikheid met verskeie "Ek Is" stellings; mees herkenbare onder hulle is Joh 8:58, waar Hy bevestig dat "Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is" (vergelyk met Eksodus 3:13-14). *Johannes het ook die feit van Jesus se menswees beklemtoon*, omdat hy die begeerte gehad het om die fout van 'n godsdienstige sekte van daardie tyd, die Gnostiese sekte, wat nie in Christus se menswees geglo het nie, uit te wys. Die

			Johannes-Evangelie maak sy algehele doelwit bekend, soos geskryf staan in Joh 20:30-31,”Jesus het nog baie wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor Sy dissipels gedoen. *Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God en sodat julle deur te glo, in Sy Naam die lewe kan hê.”*